# Die Heilige Gees — die Gees van die Vader en die Gees van die Seun

## 'n Ontbrekende onderdeel van die geloof?

Ons het elders met 'n bespreking van die ou geloofsbelydenis van Nicéa-Konstantinopel, groot rykdomme uit die skatkamer van die kerk opgediep en uitgestal. Die heerlikheid en die liefde van die Vader, die veelkleurigheid van die werk van die Seun, Jesus Christus .. . Beteken die belydenis van die geloof in al die skatte dan nie dat ons niks meer ontbreek nie? Die Here Jesus het immers gesê: Wie in My glo, het die ewige lewe? Moet daar nog iets by kom? En as hierdie ou belydenis dan nog verder gaan en sê: “Ons glo aan die Heilige Gees, wat Here is en lewend maak. Hy gaan van die Vader en die Seun uit, en Hy word saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik ... Hy het deur die profete gespreek”. Moet ons dan nog groter rykdomme bely, wat by die belydenis van die Vader en die Seun ontbreek?

Die antwoord op die vraag is ‘nee’ én ‘ja’! Daar is nie groter skatte as wat 'n gelowige in en deur Christus besit nie, en ons moet dit ook nie soek nie. Maar wanneer ons die geloof in die Heilige Gees bely, beteken dit tog 'n kennis van God wat ons des te meer verwonderd en eerbiedig laat stilstaan by alles wat die ewige God deur sy openbaring van Homself laat ken.

Ons kan dus twee dinge sê:

Eerstens: Die kennis van die Heilige Gees maak nie die heil groter nie, maar bring ons nader daaraan. Ons sal in 'n volgende artikel weer hierby stilstaan, wanneer ons oor die wèrk van die Heilige Gees sal nadink.

Tweedens: Hoewel ons besef dat ons oor die geheimenisse van God maar net stamelend kan praat, maak die kennis van die Heilige Gees God tog vir ons groter, wanneer ons by die vraag ‘Wie is die Heilige Gees?’ stilstaan.

## Wie is die Heilige Gees?

Ons moet die vraag só stel: ‘*Wie* is die Heilige Gees?’ en nie ‘*Wat* is die Heilige Gees?’ nie. In die eeu waarin die belydenis van Nicéa-Konstantinopel tot stand gekom het, is in 381 in Konstantinopel die uitspraak gemaak dat die Heilige Gees Here is, en dit eers nadat in Nicéa in 325 bely is dat Christus één in wese (*homo ousios*) met die Vader is. Daar was naamlik teologiese leiers wat 'n *subordinasianisme* voorgestaan het, 'n ondergeskiktheid van die Seun aan die Vader. Dit was, onder meer, die gedagte van Paulus van Samosata (in die tweede helfte van die derde eeu). 'n Uitvloeisel daarvan was die opvatting dat die Heilige Gees net 'n gawe of 'n krag van God was. Ná Nicea was daar die *Pneumatomachi*, wat die Heilige Gees van 'n laer orde ag, en nie dieselfde eer waardig as die Vader en die Seun nie. As Konstantinopel dan daarteenoor sê: Die Heilige Gees is Here, word aan die Heilige Gees daarmee 'n goddelike naam gegee, wat ook staan vir goddelike majesteit en gesag. Die Heilige Gees is ‘Iemand’! Hy is 'n goddelike Persoon. Met hierdie belydenis wys die kerk *subordinasianisme* af. Die Heilige Gees is 'n selfstandige persoon, nie minder nie as die Vader en die Seun.

Aan die ander kant word hiermee ook die dwaling van *modalisme*, wat — soos Sabellius byvoorbeeld — sê dat die Vader, Seun en Heilige Gees nie meer is nie as verskyningsvorme van een goddelike Wese, afgewys. Die modalisme wil dit hê dat God Hom afwisselend en agtereenvolgens as Vader, Seun en Heilige Gees voordoen. In die Montanisme van die tweede eeu, wat 'n sterk charismatiese inslag gehad het, leef daar al, lank voor Sabellius, gedagtes wat 'n mens radikale modalisme kan noem. Die drie modusse is opeenvolgende fases van die

geskiedenis. Die Vader en die Seun geniet hulle hemelse rus na hulle werk, nou is dit die tyd van die Gees — die toekoms is syne.

As die kerk sê dat die Heilige Gees Here is, word die eie 'identiteit' van die Heilige Gees nadruklik bely. Die belydenis spreek kragtige taal. Ons merk dit wanneer ons besef dat ons hier voor die onuitspreeklike geheimenisse van die drie-eenheid van God staan. Hoe kan ons dit immers bevat, laat staan nog verklaar, hoedat die Heilige Gees self ewige en waaragtige God is, net soos die Vader, en net soos die Seun, terwyl ons met alles wat in ons is daaraan vashou dat daar maar één God is? Met die belydenis dat die Heilige Gees 'Here is en lewend maak' word méér gesê as net dat modalisme en subordinasianisme afgewys word. Die Heilige Gees het 'n Naam. Die Heilige Gees laat Homself ken, ook in die werk wat Hy doen!

Dit is duidelik dat die kerk net oor die Heilige Gees in noue verband met die Vader en die Seun wil en kan praat.

## Die Gees nie sonder die Vader en die Seun nie

Aandag aan die persoon van die Heilige Gees was in die geskiedenis van die kerk iets soos 'n golfbeweging. Ons het tot dusver beskryf hoe die eienheid van die Heilige Gees na veel moeite en selfs stryd, in die belydenis van Konstantinopel onder woorde gebring is. Voor dié tyd was daar aandag aan God die Vader en aan die Seun. Oor die Heilige Gees is meesal gepraat as die werking of krag van die Vader.

In hierdie belydenis word nou vir die eerste keer in 'n kerklike uitspraak oor die Heilige Gees gepraat, met afwysing van die afwykings na die twee kante wat ons aangedui het, maar daarmee het die geskiedenis van die belydenis oor die Heilige Gees nog nie tot ruste gekom nie.

Ook in die twintigste eeu — om nou maar 'n lang tyd oor te slaan — is opnuut heelwat menings verkondig wat óf in die lyn van die ou modalisme, óf in die lyn van die ou subordinasianisme lê. Subordinasianisme word meesal by beskouings oor Christologie gevind. Die modalistiese trek word meer dikwels sigbaar wanneer dit oor die Heilige Gees gaan. Die dialektiese teoloog Emil Brunner praat net terughoudend oor die geheimenis van die Drie-eenheid. Van één Wese en drie Persone praat hy glad nie — in Christus én in die Heilige Gees het ons te make met die ewige 'Ek' van God. Brunner wil nie modalisties dink nie, maar dit is begryplik dat mens tog by hom aan die gedagte van modalisme kom: dit kan nie gesê word dat die Heilige Gees Here is nie!

H. Berkhof gaan ook ver wanneer hy in sy *Christelijk Geloof* praat van God as die veranderlike. Die 'beweging van neerdaling' van God is meer as 'n aanduiding van die wyse waarop God Hom openbaar; dit is 'n beweging in God self. Vir hom is die Heilige gees 'God-in-aksie'.

A. van de Beek roep ook in sy boek *De adem van God* die gedagte van modalisme op, wanneer hy by die kosmiese betekenis van die Heilige Gees die allerwydste grense oopgooi. Die Gees werk só in die wêreld, dat op 'n panteïstiese manier daaroor gepraat kan word! Alhoewel benadruk word dat die Gees altyd die Gees van Christus bly, is dit opmerklik dat die werk van die Gees wyer strek as die werk van Christus. So werk die Gees, na die mening van Van de Beek en ander, byvoorbeeld in die kring van die Wêreldraad van Kerke, ook in godsdienste waarin Christus geen plek het nie. In die gesprek met ander godsdienste lyk dit eenvoudiger om oor die Heilige Gees as oor Christus te praat!

Toe die kerk egter die belydenis oor die Heilige Gees vasgelê het, is daar vasgehou aan die innige, onlosmaaklike band tussen Vader, Seun en Heilige Gees. Die kerk was bewus van die woorde van die Skrif. Matteus 28:19 gee die opdrag om te doop in die Naam — nie die name nie! — van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Eén Naam, wat staan vir die eenheid waarin tog drie goddelike Persone genoem word. In die apostoliese seën in 2 Korintiërs 13:13 word die gemeenskap van die Heilige Gees in één asem saam met die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God genoem. Die Heilige Gees word die Gees van die Vader en die Gees van die Seun, die Gees van Christus, genoem.

In die belydenis van Konstantinopel lees ons daarom oor die Heilige Gees: “Hy gaan van die Vader en die Seun uit, en Hy word saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik”.

Dit gaan hier om om 'n omskrywing van die diepste eienheid van die Persoon van die Heilige Gees. In ons Nederlandse Geloofsbelydenis van 1561 word van die eienskappe van die Vader, Seun en Heilige Gees gepraat as hulle mededeelbare eienskappe (artikel 8). Hierdeur word Vader, Seun en Gees van mekaar onderskei. Maar hierby moet ons dan dink aan wat die kerk eeuelank reeds daarby voeg: elk van die drie Persone is ook op die mees innige wyse aan die ander verbind. Hulle deurdring mekaar. Die Vader is geheel in die Seun en geheel in die Gees. Die Seun is geheel in die Vader en geheel in die Gees. Die Heilige Gees is geheel in die Vader en geheel in die Seun (Konsilie van Florence, 1439).

Wanneer ons, Westerse Christene, hierdie woorde oor die eienheid van die Heilige Gees — ‘wat van die Vader en die Seun uitgaan’ — onbekommerd in die belydenisskrif van die kerk lees, moet ons besef dat daar baie mee gesê word. By name bedoel ek die woorde ‘en van die Seun’. As ons dié woorde gebruik, moet ons daarvan bewus wees dat groot dele van die Christendom deur hierdie vier woorde — in Latyn maar één woord — geskei word: die grootste kerklike skeiding in die hele kerkgeskiedenis, wat in 1054 reeds 'n feit was.

## ‘ ... en van die Seun’ — die ‘*Filioque*’

Die ‘Filioque’ is daarom die aanduiding van 'n omvangryke en ingrypende bespreking! In Konstantinopel is net bely: ‘wat van die Vader uitgaan’. Daarmee is die eienheid van die Heilige Gees uitgedruk as ‘uitgaan van’. Die eienheid van die Seun is sy Seunskap. Hy is die ewige Seun van die Vader. ‘*Generatio*’ — gegenereer in ewigheid. Die eienheid van die Heilige Gees is anders as dié van die Seun. Om dié rede alleen gebruik ons 'n ander woord. ‘Wat uitgaan van die Vader’: ‘*Processio*’ — ‘uitgaan van’. Om hierdie onderskeid te omskryf of uit te lê, is bo ons bevattingsvermoë, daarom het die kerk net probeer om so na as moontlik aan bepaalde Bybelse uitsprake oor die Heilige Gees, veral dié in die evangelie van Johannes, te bly. Jesus het beloof om die Trooster van die Vader te stuur, “die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan” (Johannes 15:26). Jesus self stuur die Trooster maar praat ook van “die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur” (Johannes 14:26; vgl. 16:7). As ons ook daaraan dink hoedat die Skrif, soos ons reeds gesien het, oor die Gees van die Vader en die Gees van die Seun praat, dan stem ons saam met die woorde van die kerk waarmee sy oor die wesenlike, die ewige eienheid van die Vader en die Seun en die Heilige Gees praat.

In die jaar 381 het die kerk dus net oor die uitgaan van die Gees ‘van die Vader’ gepraat. Maar nie lank daarna nie, waarskynlik onder die invloed van Augustinus, het baie begin begryp dat nie oor die Heilige Gees gepraat kan word sonder om die dubbele verhouding, met die Vader én die Seun, te noem nie. In die ander ou belydenis van die kerk, die *symbolum Quicumque*, ten onregte dié van Athanasius genoem, maar wat eerder verdien om die naam van Augustinus te dra, al is hy nie die opsteller nie, word die ‘Filioque’ ook bely. In Spanje is dit uitdruklik deur 'n aantal kerkvergaderings geleer, en in die 11e eeu is dit in die Weste, dit wil sê daar waar die pous van Rome seggenskap gehad het, amptelik in die kerklike liturgie ingevoer as behorende by die belydenis van Konstantinopel. Daar is dus aan die teks soos wat ons dit nou lees en bely, 'n hele geskiedenis verbonde! En dit het alles te make met die pad wat die belydenis in die Weste en die Ooste geloop het. Dit is klaarblyklik twee verkillende paaie, met al die gevolge van elk.

## Die pad van die Weste en die pad van die Ooste

In die kerk van die Weste — waar ook die protestantisme met al sy variasies ontstaan het! — het die belydenis dat die Heilige Gees van die Vader én die Seun uitgaan dus 'n lang geskiedenis. Die belydenis het 'n diep betekenis.

Die belydenis  van die Heilige Gees staan nie los van kennis van die Heilige Gees nie, en ook nie los van kennis van God nie. Paulus skryf in 1Korintiërs 2:12: “Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het”. As ons daarbý daaraan vashou dat die Heilige Gees onlosmaaklik aan Christus

verbind is, dan weet ons dat daar buite die Verlosser, Jesus Christus, geen heil is, en geen kennis van die verlossing nie. Ons besef dan dat Christus, nadat sy werk volbring was, die Gees van die Vader gestuur het. Van die Gees van die waarheid het die Here Jesus self gesê: “Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig” (Johannes 16:14).

In die kerk van die Ooste, die Grieks-ortodokse kerk en die verskeie Oos-Europese ortodokse kerke, was daar groot wantroue in hierdie leer van die Weste. Daar is, onder meer, gemeen dat die Weste daarmee aan die Gees en sy werk tekort doen; dat die Heilige Gees ondergeskik gemaak word aan die Seun. Die Heilige Gees sou deur hierdie binding aan Christus beperk word. Hier het ons egter die presiese punt waarop die Weste teenoorgestelde verwyte teen die Ooste gehad het.

As die Ooste beklemtoon dat die Heilige Gees die Gees is, wil hulle seker nie daarmee ontken dat daar ook 'n verhouding tussen die Heilige Gees en Christus is nie. Die klem lê egter daarop dat daar 'n regstreekse weg van die Gees van God na die Vader is. Die werk van God in die menselewe is nie gebonde aan Christus nie! Die Heilige Gees werk nie alleen deur die geloof in die Seun nie, maar ook regstreeks op die gemoed van die mens. In die misteries van die kerk werk die Gees ook buite Christus om, buite die geskiedenis van die heil om, en ook buite die bewussyn om. Die Gees kan immers ook direk 'n band met die Vader lê.

Hierin lê daar 'n belangrike regverdiging van die bloeiende mistiek in die Oosterse kerk. Die geestelike lewe kan sonder Christus wees. Te maklik word dan aan Hom 'n plek gegee wat histories bepaal en histories beperk is. Sy werk was voorbereidend; die belangrikste moes nog kom, want die eintlike heil word aan die Heilige gees toegeskryf.

Ons keuse in die argument tussen Oos en Wes is hier met oortuiging vír die belydenis van die eenheid van God se werk en God se heil, soos dit in die Weste deur die goedheid van God ingesien is. Die Heilige Gees lei nie tot die Vader anders as deur die Seun nie. Die Gees van Christus sal nie afbreuk doen aan Jesus se eie woorde, dat niemand na die Vader kan kom behalwe deur Hom nie (Johannes 14:6). Daar ís eenheid — ook in die heil van die drie-enige God: deur die Vader beskik, deur die Seun verwerf en deur die Gees toebedeel!

JW Maris

© 2013
www.christelikebiblioteek.co.za